

## Sing vooraf staande: Psalm 76:1, 4 (p. 380)

- 1 Die HEER wat woon in donker tent, / maak Hom by Juda's stam bekend;  
daar word sy wonderdaad vertel, / sy Naam is groot in Israel;  
in Salem met sy veil'ge skanse, / daar straal sy huis met vredeglanse.
- 4 Hoe vreeslik, HEER, is u gerig! / Wie kan bestaan voor u gesig?  
U laat van bo die oordeel hoor, / u donderwoord, die wêreld oor;  
die aarde, uit skrik vir u vermoë, / lê stilverlate voor u oë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 111:1, 3, 5 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.  
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 3 Vir almal wat Hom vrees, het Hy / hul spyse mild'lik toeberei. / Hy is aan sy verbond gedagtig.  
Hy het aan hul 'n erfdeel skoon, / 'n land gegee om in te woon, / deur dae groot en oppermagtig.
- 5 Hy het sy volk bevry, bewaak, / vir ewig sy verbond gemaak: / sy Naam is vreeslik, hoog verhewe.  
Sy vrees is wysheids-aanbegin. / Kom wandel dan dié heilsweg in! / Aan Hom sy ewig lof gegewe.

Gebed

## Psalm 18:5, 6 (p. 73)

- 5 Die hemel het ontsag betuig / en by Gods neervaart neergebuig;  
en donkerheid van watervloed, / 'n onweersnag was om sy voet.  
'n Gêrub was sy oorlogswa. / Hy het gevlieg en aangesweef  
– terwyl dit om Hom skud en beef – / op vleuel van die wind gedra.
- 6 In duisternis het Hy genaak, / in donker nag wat Hom bewaak:  
in waterduisternis alom / en diktes van die wolkkolom.  
Deur glanse voor Hom, om Hom heen, / wat gans sy gloriëwese oordek,  
het swaar sy wolk verbygetrek / met onweersvuur en haelsteen.

**Skriflesing:** Eksodus 19:1-25

**Kernverse:** Eksodus 19:21-22

**En die HERE het vir Moses gesê: Klim af, waarsku die volk, dat hulle nie na die HERE toe deurbreek om te sien en baie van hulle dan val nie. En ook die priesters wat naby die HERE kom, moet hulleself heilig, sodat die HERE nie teen hulle losbreek nie.**

(Eksodus 19:21-22 AFR53)

**Tema:** Luister weer: Die Here is heilig!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hoe baie keer moes ons as kinders by Ma en Pa hoor: Hoeveel keer moet ek dieselfde ding vir jou sê? Hoeveel keer moes ons dit al vir ons kinders sê? Daar is eenvoudig dinge wat ons oor en oor moet sê omdat ouers besorg is oor hulle kinders en nie wil hê dat hulle in 'n situasie beland waar 'n mens wil sê: Maar ek het jou mos gewaarsku, nie.

Met die lees van Eksodus 19 wil 'n mens saam met Moses sê: Here, U het mos gesê dat die volk nie op die berg moet kom nie. Ons weet niemand mag eers aan die berg raak nie. En dit is asof die Here dan net weer vir 'n derde keer sê: Niemand mag deurbreek en na die HERE toe opklim nie. Sommige

waarhede is net so uiters belangrik dat die waarheid self vereis om herhaal te word. Wanneer die Here dan dieselfde ding weer vir ons sê, is dit omdat Hy weet ons het nodig om dit nog 'n keer te hoor. En wanneer dit by die heiligheid van die Here kom, kan ons nie te veel kere daaraan herinner word nie.

Broers, susters en kinders, drie maande na die uittog uit Egipte het die volk by die berg Sinai gekom omdat die Here self hulle met die vuurkolom snags en die wolkkolom bedags daarheen gelei het. In daardie eerste woorde wat die Here met Moses op die berg gespreek het, het Hy gesê: Ek self het julle op arendsvlerke na My toe gebring. Israel het niks bygedra om uit Egipte vry te kom nie. Die Here het hulle nie deur Moses laat weet: As julle my bevele gehoorsaam, sal Ek julle uit Egipte verlos, nie.

Toe Moses die eerste keer op die berg was, het die Here gesê: Julle het self gesien hoe Ek julle uit Egipte se slawerny verlos het. Ek het dit alleen gedoen. Indien die verlossing ook nog van Israel afhanklik was, sou hulle al by die Riet See omgedraai het. As Israel iets moes bydra tot hulle verlossing, sou hulle by Mara teruggedraai het Egipte toe. Hulle sou nooit by Sinai gekom het nie. Israel het na drie maande by Sinai aangekom net omdat die Here hulle na Hom toe gebring het. Nou dat hulle hier is, wil en gaan Hy met hulle praat.

God se genade, soos dit geopenbaar word in die verlossing, is dus die raamwerk en agtergrond waarbinne en waarteen ons die gebruik en funksie van die Tien Gebooie moet verstaan. Iemand het die begrip *genade* so gedefinieer: Genade is iets (werk) wat die Here alleen doen. Niemand help Hom om dit te doen nie. Daarom is die Tien Gebooie nie 'n soort leer waarmee mense moet opklim om in God se goeie boekies te kom nie. Die Tien Gebooie is eerder die lewenstyl wat die Here aan sy mense leer – dié wat reeds in sy goeie boekies is. Dit is langs die weg van die Tien Gebooie – deur die Tien Gebooie is lewenstyl geïmplementeer – dat die Here sy beloftes van seën oor sy volk sal uitstrooi.

Baie entoesiasies het die Israeliete te kenne gegee dat hulle alles sal doen wat die Here hulle beveel. Nog voordat hulle gehoor het wat die Here se bevele is, het hulle die voorneme uitgespreek om te lewe soos wat die Here wil. Daarom het die Here in sy tweede gesprek met Moses op die berg gesê dat die volk hulle gereed moet maak sodat hulle Hom kan ontmoet wanneer Hy op die derde na die top van die berg sal afdaal.

Die volk moes hulle klere was. Daar moes 'n grens om die berg gestel word sodat geen mens of dier teen die berg opklim of selfs aan die voet van die berg raak nie. Die getroudes mag in die drie dae nie seksuele omgang met mekaar gehad het nie. Almal, oud en jonk, grootmense en kinders, se aandag en emosies moes net op die Here en op sy heiligheid gerig wees. Om die Here te ontmoet is 'n ernstige saak. Om die Here te aanbid en Hom te dien is nie iets wat 'n mens sommer so doen asof dit niks besonder is of net nog iets is om te doen nie. Die Here bepaal die protokol vir die ontmoeting met Hom. Hy is heilig, maar die volk is nie. Hulle moet hulleself voorberei vir die ontmoeting. Hulle moet hulleself heilig – hulleself afsonder – om die Here te ontmoet. En terwyl hulle so besig is om hulleself voor te berei en te heilig vir die ontmoeting met die Here hulle Verlosser, moet hulle al meer bewus word van hulle eie onwaardigheid om die Here te ontmoet.

Voordat die Here vir Moses die derde keer na Hom toe laat opklim op die berg om met hom te praat sodat die hele volk kan hoor, openbaar die Here Homself in sy ontsagwekkende majesteit. Hy openbaar Homself as die Een voor wie alles en almal buig en bewe. Dit is die eerste ding waarop die Heilige Gees ons aandag vanaand vestig.

Die derde dag het aangebreek anders as enige ander dag wat Israel nog ooit gesien het of ooit weer sou sien. Daar was donderslae, blitse, 'n groot donker wolk, die harde geluid van 'n basuin, rook wat

optrek en die hele berg wat geweldig skud. Dit alles gebeur nog voordat die Here na die top van die berg afgedaal het. Hy is nog net aan die kom en dit gaan al so. Die Here se majesteit is ontsagwekkend groot en oorweldigend. Dit is so ontsagwekkend dat die hele volk in die kamp gebewe het.

Dit is hierdie ontsagwekkende grootheid van die Here se majesteit wat ons as kerk weer moet beseef. Ons lewe in 'n tyd waarin daar oor die algemeen oneerbiedig opgetree word teenoor die Here. Dat heidene so leef, is erg, maar dit is nog erger as die kerk ook oneerbiedig geword het teenoor die Here. Die kerk is immers die liggaam van Jesus Christus. Ons word deur die Heilige Gees en die Woord van God voortdurend van binne af nuut gemaak sodat ons die heerlijkheid van God en die liefde van Christus kan laat skitter in hierdie wêreld wat dof geword het weens die duisternis van die sonde.

Maar wanneer die kerk ongeërg raak oor die opdrag wat die Here aan haar gee, beteken dit een ding. Wanneer ons Christene ongeërg is oor die sonde wat ons so maklik koester en daarmee doen wat ons nie behoort te doen nie, beteken dit een ding. Wanneer my optrede by die skool en die werk nie van die ongelowige s'n onderskei kan word nie, omdat ek mos vanaand net weer vergifnis gaan vra by die Here, beteken dit net een ding. Broer, suster en kind, as ons as gemeente ongeërg geraak het oor ons opdrag, en maar te kere gaan soos 'n heiden, want ons gaan mos vanaand die Here om vergifnis smee, beteken dit dat ons nie meer ontsag vir God het nie.

Net hierdie tekens en kragte wat losgebreek het op die derde dag daar by Sinai wys dat hierdie God wat aan't kom was na die top van die berg, nie 'n God is teenoor wie ons durf oneerbiedig optree nie. Hierdie is 'n God wat gevrees moet word. Hy is 'n God vir wie 'n mens ontsag en eerbied en respek het. 'n God voor wie ons onself verneder omdat ons nog lewe net omdat Hy genadig en barmhartig is.

Hierdie tekens van vuur – die rook sowel as die blitse – en die wolk het in latere tye aanduidings geword van die teenwoordigheid van God. Die simbool van vuur gaan terug na Genesis 3:24 waar dit geopenbaar word dat die Here 'n vlammende swaard na die ingang van die tuin van Eden geplaas het om sondaars daar uit te hou. In Genesis 15 lees ons van die brandende fakkel en oond wat rook wat die teenwoordigheid van God uitgebeeld het toe Hy sy verbond met Abraham gesluit het. Toe Moses die brandende doringbos sien vanwaar God met hom gepraat het, hoor ons dat daar 'n verband is tussen vuur en die heiligheid van die Here. Moses moes sy skoene uittrek, want die grond waarop hy gestaan het, is heilige grond, want die Here is daar teenwoordig.

So is die wolk ook 'n simbool van die Here se teenwoordigheid. Met die wolkkolom het die Here sy volk die afgelope drie maande bedags gelei. Later toe die tabernakel opgerig is, lees ons dat 'n wolk die tabernakel oordek het en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul (Eksodus 40:34-38). Terwyl die Here op die derde dag na die top van die berg afgedaal het, was die donker wolk bo-oor die berg. Dit is in hierdie wolk waarin die Here na Moses toe gekom het. Met die wolk het die Here sy heilige heerlijkheid gehul sodat Hy in genade by sy volk teenwoordig kon wees, anders sou sy blote heiligheid hulle verteer het.

Die tweede saak waarop die Heilige Gees ons aandag vestig, is dit wat die Here uiteindelik vir Moses gesê het. Vir die mens se oog was alles in orde op die derde dag. Al die tekens en kragte was aanwesig om die ontsagwekkende teenwoordigheid van die Here aan te dui. Moses het met God gepraat en God het hom telkens hardop geantwoord. Daarmee het die Here aangetoon dat Moses werklik die middelaar is tussen Hom en die volk wat die Here self gekies het. Hoewel alles in orde was volgens wat die mense kon sien, was alles nie in orde volgens wat God gesien het nie.

Die mense kon so maklik hulle eie onwaardigheid om in die teenwoordigheid van die Here te wees, vergeet omdat hulle gelukkig is oor al die nougesette voorbereidings wat hulle getref het. Maar hulle heiligheid is nog nie God se heiligheid nie. Hulle moes die waarskuwing hoor dat die Here so heilig is dat hulle eie voorbereidings nooit aan sy eise vir heiligheid kan voldoen nie. Israel kan hulleself net so min geskik maak om in die heilige teenwoordigheid van God te staan as wat Adam en Eva die pad na die tuin van Eden terug kon vind en die vlamme swaard ontwyk.

Selfs nie eers Moses het gesien dat alles nie in orde is nie, daarom het hy nog in 'n sekere sin protes aangeteken toe die Here weer vir hom sê om die volk te waarsku dat hulle nie teen die berg mag opklim nie. Dit is net die Here wat in die hart van die mens kan sien. Daarom sê die Here vir Moses:

**Klim af, waarsku die volk, dat hulle nie na die Here toe deurbreek om te sien en baie van hulle dan val nie.** (Eksodus 19:21 AFR53)

Met hierdie opdrag lê die Here 'n tweevoudige fout by die mense bloot. Aan die een kant kon die mense dink omdat die Here nou hier by hulle teenwoordig is, is hulleself geskik en het die vryheid om al die grense wat die Here gestel het te ignoreer. Hulle het nie meer die middelaarskap van Moses nodig nie en kan self met die Here praat. Die Israeliete was immers van die begin af nie baie gretig oor die leierskap van Moses nie (Eksodus 5:21). Aan die ander kant kon die verkeerde motief in hulle harte opkom om in die donker wolk in te stap uit pure nuuskierigheid en om so alle ontsag vir die Here te laat vaar.

Die priesters kon maklik hulle onwaardigheid om in die teenwoordigheid van die Here te wees vergeet omdat hulle die status van priesters het. Hulle mag mos naby die Here kom. Daarom sê die Here aangaande hulle:

**En ook die priesters wat naby die Here kom, moet hulleself heilig, sodat die Here nie teen hulle losbreek nie.** (Eksodus 19:22 AFR53)

Omdat hulle priesters is, het hulle die voorreg gehad om heilige voorwerpe te hanteer en heilige funksies te vervul. Daarom kon hulle dink omdat hulle die voorreg het, is hulle outomaties geskik om in die heilige teenwoordigheid van die Here te wees, en daarom laat hulle die vereiste om heilig te bly agterweë. Daar is egter nie so iets dat die priester outomatiese heilig is omdat hy 'n priester is nie.

Die Heilige Gees waarsku ons in vers 21 om nie te dink omdat ons onself vir die Here afgesonder het en gereinig het, ons nou die vryheid het om sommer aanmatigend teenoor Hom te wees nie. My en jou een maal se voorbereiding om in die teenwoordigheid van die Here te wees, gee ons nie die reg om familiêr en voor op die wa te wees met die Here nie. Net omdat die Here ons in sy teenwoordigheid inroep om met Hom 'n persoonlike en intieme verhouding te hê, beteken nie dat ons met Hom kan praat soos ons wil en teenoor Hom optree soos wat ons wil en dink Hy moet maar vir lief neem daarmee nie.

Ons wat deur die Here gekies en afgesonder is om in die besondere diens van diaken, ouderling of predikant Hom te dien, word in vers 22 deur die Heilige Gees gewaarsku. Die feit dat die Here self ons tot hierdie dienste geroep het en ons met sy Gees vir hierdie dienste toegerus het, beteken nie dat ons nou aanmatigend en voor op die wa met die Hom kan wees nie. Ek kan nie ongeërg in my werk wees en die lidmate en die Here moet maar vir lief neem daarmee nie. Wie dit ook al is wat ongeërg teenoor die Here optree en lewe, is soos iemand wat na die Here toe deurbreek. Wie na die Here wil deurbreek, is soos iemand wat die grense wat die Here gestel wil afbreek. En die gevolg daarvan is dat die Here in sy heiligheid teen hulle sal losbreek soos 'n dam waarvan die wal afgebreek is.

Geliefdes, hierdie waarskuwing van die Heilige Gees oor die heiligheid van God bly altyd vir ons tydig en nodig. Dit kan nog altyd maklik gebeur dat ons verwaand kan raak omdat ons genade gevind het

in die oë van die Here toe Hy ons verseker het van die verlossing deur Jesus Christus. Omdat ons verwaand raak oor ons status as kinders van God, vergeet ons van die wonder dat Jesus Christus Homself verneder het om in ons plek aan die kruis te sterf vir ons sondeskuld. Omdat ons nou kinders van God is, kan ons soms voor op die wa raak en dink ons kan die Here in ons gebede voorskryf en eise aan Hom stel. Dan vergeet ons dat ons nog altyd vir Jesus Christus as Middelaar tussen ons en God nodig het, want dit is net deur sy bloed en werk wat ons aanvaarbaar is om in die heilige teenwoordigheid van God te wees.

Mag die Heilige Gees die ontsagwekkende grootheid van God se majesteit en heiligheid so by elkeen van ons inprent dat ons altyd met huiwerende vrymoedigheid God se genadetroon nader. Terwyl ons die heelyd daarvan bewus bly dat ons naby Hom mag kom net omdat Jesus Christus ons aan sy hand daarheen neem. En waar ons ook al werk en waarmee ons ook al besig is, mag ons nooit vergeet dat ons as gelowiges vrees vir God moet hê nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 89:6, 7 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.  
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.  
Want God is ons 'n skild, die weerkrags van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
22 September 2013